gesien het dokumente ontvang en dat hy gesê het hy het ongeveer 300 van die pamflet, Bewysstuk "N" ontvang om te versprei. Die dokument, Bewysstuk "N", was aan hom in sy getuienis in hoof getoon en hy het dit onteenseglik identifiseer as 'n voorbeeld van die pamflet wat hy by Regina Mundi op 16 Junie versprei het in die getal van, soos ek reeds gesê het, om en by 300.

Bewysstuk "N" het boaan:

" South African Youth Revolutionary Council (SAYRCO)"

en dan die embleem van SAYRCO en dit lees as volg:

"On June 16th 1976 all the black workers, the unemployed professionals and students. It happened in Sharpeville, more than 70 defenceless black people were murdered by the racists. It happened again in 1976 when innocent school kids were mercilessly massacred by the trigger happy Boer gangsters. In fact the so-called South African Government is having a program of genocide of the black man. Every day passes with humiliation of black adults by young Afrikaner boys and girls in the industries. From day to day we witness terrible Gestapo like torture of people struggling for the betterment of humanity. Every minute passes with the maiming of black farm labourers, genocide of the black man. We resist in every day of our lives to give in. We are black people whose ancestors were the proudest people ever to walk the face of this earth. We will resist as we have always refused to surrender in the face of such savage and barbaric deeds perpetrated against us. It is time that our enemy gets to know that we are now in the stage of confrontation. We can never negotiate principles. We as the youths of a colonised country will never hesitate to defend our people.

We grew up in an atmosphere of shot and fire, we reject in totality to wait each year for June 16th in order to commemorate the murder of our kith and kin. We call on all patriots to unite in the onerous task of overthrowing an abhorrible regime. Let us remember that our people in Zimbabwe have their freedom today. Their freedom was never negotiated or given them on a silver plate, they fought hard. Let us wipe off our minds the consideration of technology or military might. Technology never decides a war. It is the will of a people. We are decided we must win. It is time that we stop theorising but act. Revolution is not one single battle, but a protracted struggle filled with defeats and successes. We have had our defeats, we are about to succeed. We cannot allow ourselves to be reduced to mere commemorators of the death of our kith and kin. Learn, teach, organise and act against the enemy. Issued by South African Youth Revolutionary Council (SAYRCO)"

Ingevolge die bepalings wat ek voorheen na verwys het, is hierdie dokument ook toelaatbaar by inhandiging en is dit prima facie bewys van die inhoud daarvan. Ek keer later hierna terug as ek onder andere Bewysstuk "G" gaan behandel.

Bewysstuk "W" het ook weereens dieselfde soort strekking. Bewysstuk "X" sal ek ook behandel. Bewysstuk "Y":

"Fifth Anniversary of June 16th massacres.

Once again, we, the South African Youth Revolutionary Council (SAYRCO) reminds you of the lives of our brothers sisters and parents that were massacred during June 1976 when we were resisting against another form of oppression meeted to us by the racists, facists regime. We are

calling all the people of South African, mothers and fathers, youths and students, to observe this historic day by declaring a national day of mourning and abstaining from all forms of entertainment, all forms of sport to be suspended, all shebeens te close and church leaders to organise services. Brothers, sisters and beloved parents, let us fight the enemy on all forms and at all fronts. Let us rise in one spirit and objective, with one voice as oppressed people we say we shall overcome. Issued by SAYRCO. (June 16th)" (10

Bewysstuk "Z" is ook toelaatbaar. Teen die toelaatbaarheid van hierdie dokument is daar in die betoog beswaar gemaak. Ek stem egter met mnr. Swanepoel se siening van die aangeleentheid ten volle saam. Die dokumente is na my mening ingevolge die bekende bepalings van die Wet op Terrorisme toelaatbaar. Wat hulle bewyswaarde is, nadat 'n betrokke beskuldigde arresteer is, soos in hierdie geval, is 'n totaal ander vraag. Of daar in geykte gevalle gesê kan word indien daar iets inkriminerends is in die betrokke dokument wat dan so ingehandig word wat hom inkrimineer (20 en behoort te inkrimineer is 'n vraag wat ek dink sal afhang van die omstandighede van elke geval. Hoewel gevolglik Bewysstuk "Z", na my mening, toelaatbaar is, is dit in die lig van die omstandighede van die geval en in die lig veral van die feit dat dit nie betwis word dat beskuldigde Nr. 2 die president van SAYRCO is nie, nie van enige groot bewyswaarde nie. Dit moet onthou word dat Bewysstuk "Z" heeltemal duidelik uitgereik is deur SAYRCO na Beskuldigde 1 se arrestasie en in die lig van die omstandighede het Bewysstuk "Z" dan na my mening, min indien enige bewyswaarde(30

teen/...

teen Beskuldigde Nr. 2.

Bewysstuk "AA" is 'n fotostatiese afdruk van 'n SAYRCO dokument en weereens ingevolge die bepalings van die betrokke wet is dit ook toelaatbaar en is die inhoud daarvan ook vermoed die waarheid of korrek te wees.

Dit lees as volg:

"On the anniversary of SAYRCO.

Comrades a year has elapsed since the establishment of our organisation. From inception serious efforts were taken by us to strengthen this movement for a thorough going offensive against the enemy. Progress achieved is highly impressive given the hostile machinations from our enemies and friends. That this organisation is a force, is a reality. We can only hope that those friends practising hostility against us will realise very soon that overwhelming and defeating the enemy, is as sure as daybreak. Politically Southern Africa has transformed to a more advantageous atmosphere. The enemy has shifted from the aggressive and offensive posture into a clear defensive one. Having achieved this ours is to pressure him into an unconditional surrender. We are also encouraged by the victory in Zimbabwe of the ZANO PF under the wise leadership of comrade Mgabe. The British with their western alies wants to make us believe that it is through their generosity that the elections were held. No, to us it is a very clear case that the holding of the Lancaster House discussion was capitulation of the enemy. After all who has ever negotiated with terrorists. There are serious lessons to be drawn by us from the Zimbabwe revolution. To quote but a few, that

there/....

there can be no successful revolution without a thorough backing from the masses of our people and also to win the masses of our people requires hard honest and consistent work. We should never pose as revolutionaries if we have no serious action that our people can point and say: "These are our fighters." A summary of this by comrade tell no lies and claim no easy victories."

Ek gaan die volgende paragraaf lees nie en gaan dan voort met die paragraaf daarna, en dan wil ek beklemtoon dat hierdie paragraaf van besonder groot belang is. Ek gaan dit in verband met die ander bewysstukke netnou bring.

"Like all oppressed people, our choice is very limited. The only path we have is armed revolutionary struggle."

Die res van die paragraaf verloor ek nie uit die oog nie maar wil ek dit beklemtoon dat daardie aanhaling uit daardie paragraaf nie in isolasie gesien word nie maar in verband gebring word met die res van daardie dokument en ook in verband gebring word met die res van die dokumente.

Bewysstuk "BB" is ook op dieselfde grondslag toelaatbaar. Dit is ook 'n SAYRCO dokument. Onder andere in die dokument op bladsy 2 kom die volgende voor:

"We therefor believe that a self reliant protected peoples war is the only way to victory. We of SAYRCO rely on the masses to defeat the South African oppressive system machinery which are armed to the teeth with imperialism and zionism. We have to create a formidable and steeled peoples' army from among the peasants, workers and revolutionary intellectuals. A peoples army which have to know and learn warfare through warfare and train our commanders right in the heat of battle. The entire masses, men, women, young

and/...

and old to nurse the wounded and even attack the enemy with whatever weapons they have in their hands from knife, match to gun. On the question of weapons and other military supplies, the slogan we raise to the masses is: Destroy the enemy with his own guns and bullets. Also along with this slogan we have to organise politicise and arm the masses."

Dan Bewysstuk "CC", ook 'n dokument van die SAYRCO organisasie. 'n Brief gedateer 20.11.79 en geadresseer aan Laas G. Eriksen "Director (IEUF) P.O. Box 108, 1211 Geneva 24, Switzerland." 'n Versoek om fondse. Ek sal later hierna ook weer terugkeer.

Dan Bewysstuk "DD" hoewel weereens toelaatbaar om dieselfde redes as in die geval van Bewysstuk "Z" dink ek nie is dit in die saak van enige werklike wesenlike belang nie. Dit neem na my mening nie die aangeleentheid verder nie.

Hierdie dokumente waarna ek verwys het is heeltemal duidelik getuienis van die oogmerke en doelstellings, samestelling en tot 'n groot mate die wyse waarop SAYRCO beoog om sy doelstellings en bedrywighede te bevorder en (20 te bereik. Die dokumente spreek vanself. Hulle inhoud het ek na verwys. Ek het, soos ek reeds gesê het die dokumente nie volledig uitgelees nie, dit is nie nodig nie. Dit is slegs nodig om daarop te wys dat die res van die inhoud van daardie dokumente strook met hierdie grepe wat ek uit die dokumente voorgelees het.

Daar kan, na my mening as hierdie dokumente bekyk word, geen die minste twyfel wees dat SAYRCO se oogmerke die omverwerping van die huidige regering in Suid-Afrika is nie, en dat hierdie omverwerping op onkonstitusionele (30

wyse sou geskied. Daar kan geen twyfel wees dat hulle hulle self daarvan oortuig het en hulself daarmee vereenselwig het dat hulle hierdie oogmerk van die omverwerping van die huidige Suid-Afrikaanse Regering, op geen ander wyse kan vermag het, as 'n rewolusie voortgebring deur gewapende konflik nie.

As hierdie feit in ag geneem word, as 'n mens kyk na die oogmerke van SAYRCO soos uiteengesit in sy konstitusie, Bewysstukke "A" en "B", as die trant van die inhoud van die toesprake wat gelewer is en deur SAYRCO goedgekeur is, soos blyk uit Bewysstuk "C" ontleed word, as die daaropvolgende dokumente van SAYRCO, Bewysstuk "N", Bewysstuk "AA", Bewysstuk "BB" en Bewysstuk "Y" ontleed word, soos ek reeds aangedui het, dan is dit heeltemal duidelik dat SAYRCO nie tevrede is as organisasie met die blote herdenking van sekere dae, soos 16 Junie nie, maar dat hulle dit voorsien as binne die redelike toekoms bereikbare oogmerk, die gewelddadige omverwerping van die Suid-Afrikaanse Regering.

As iemand 'n ampsdraer of lid van 'n organisasie word, dan is dit voor die handliggend dat hy hom vereenselwig met die oogmerke en doelstellings van daardie organisasie. In die geval, in die besonder van beskuldigde Nr. 2, is hy, nie alleen 'n stigterslid van SAYRCO nie maar hy is die eerste president van SAYRCO. Dit blyk heeltemal duidelik uit Bewysstuk "C". Dit is heeltemal duidelik uit wat ek reeds gesê het, hy veral, in die lig daarvan dat hy stigterslid en president van SAYRCO is, ten volle op hoogte sou wees met die oogmerke, doelstellings, en in besonder - en dit is van baie groot belang in hierdie saak - die wyse

waarop/....

waarop die oogmerke van SAYRCO beoog bereik sou word. In hierdie verband moet nie uit die oog verloor word die feit dat hy op 17 Junie 1981 met behulp van Bewysstuk "D", 'n ooglopende vals paspoort in Suid-Afrika aangekom het nie. Hierdie paspoort Nr. 426569 is uitgereik aan ene Peter Mokodedi(?), P.O. Box 20, Ramotswa. Occupation: Scholar en hy word aangedui onder die hoof "Nationality : Citizen of Botswana." Op daardie stadium, dit is by uitreiking was die lande wat hy wou besoek Suid-Wes Afrika en Rhodesië. Volgens die stempels en inskrywings in hierdie paspoort het (10 hy toe sedert 1977 met behulp van hierdie paspoort heelwat gereis. Ek gaan nie al hierdie inskrywings in besonderhede behandel nie. Dit is nodig dat ek slegs na sommige van hulle verwys.

Op bladsy 5 kom daar voor die datum by 'n stempel 22.12.79 en die stempel lees dan:

> "Permitted to enter and remain in the Republic of South Africa/SWA up to and including 22.12.79 for the purpose of visit. Randburg. He is not subject to the provisions of Section 26 of Act 67 of 1964 (20 or of Section 10 or 12 of Act 25 of 1945 or Section 5 of Proclamation 29 of 1935 SWA during the currency of this permit".

Dan is dit geteken deur die een of ander paspoortbeampte. Dan is daar een of twee stempels wat redelik onleesbaar is wat moontlik verband hou met die aankoms en vertrek op daardie geleentheid maar dit is nie heeltemal duidelik nie.

Wat wel duidelik is, is dat daardie besondere besoek aan Randburg was en daar kan nie twyfel daaromtrent bestaan nie dat enige Hof in hierdie land geregtelike (30

kennis daarvan kan neem dat Randburg net te noorde van Johannesburg geleë is. Ek dink ons het die dae ontgroei van die vermaarde Engelse Regter wat geregtelik nie bewus was van die identiteit van 'n sekere, op daardie stadium, besonder bekende aktriese nie. Ek dink van dinge waar van elke lid van die gemeenskap bewus is kan die howe deesdae geregtelike kennis neem en die ligging van Randburg sou seer sekerlik een van hulle wees.

Dan is daar op bladsy 6 'n identiese stempel afdruk met net die inskrywings in daardie stempel anders. Daardie verwys na 'n besoek van 1980.08.31 aan "for the purpose of H/D." Ek weet nie waarvoor dit staan nie, ek is nie op hoogte daarmee nie, en die plek is Soweto. Ook geteken deur een of ander paspoortbeheerbeampte. Daar is dan ook verskeie ander inskrywings en soos ek gesê het dit is nie nodig dat ek almal behandel nie. Dit is belangrik slegs om daarop te wys dat dit duidelik is volgens Bewysstuk "D" dat Beskuldigde Nr. 2 nie Suid-Afrika slegs en in besonder Soweto en sy omgewing op die 17de Junie besoek het nie. Al hierdie besoeke op datums na die stigting van SAYRCO.

Hier weereens het ons die posisie dat getuienis, feite, al is dit ook brokkies, nie in isolasie beskou kan word nie, en weereens kom die beweerde verhouding, die beweerde liefdesverhouding van Beskuldigde Nr. 1 en Beskuldigde Nr. 2 ter sprake. Onthou sal word dat Beskuldigde Nr. 1 se getuienis was dat sy vir die eerste keer sedert sy onwettige vertrek uit Suid-Afrika aan die begin van 1977 gesien het te Gaberone, Botswana in Februarie 1981, toe sy hom daar by die Holiday Inn onverwags ontmoet het toe hy by 'n tafel naburig aan haar gesit het en hy haar daar

toevallig gesien en herken het en met haar kom gesels het.

Dit is 'n belangrike feit, as dit so is en ek sê vir geen oomblik dat dit so is nie, maar as dit so is dat Beskuldige Nr. 2 op hierdie onbetwisbare besoeke van hom aan Suid- Afrika sedert daardie verlating van hom in 1977, nie na sy ou nooi toe gegaan het vir wie hy so lief was nie en onmiddellik weer so lief nog steeds was toe hy haar weer gesien het in Februarie 1981 nie, waarvoor het hy Suid-Afrika toe gekom; waarvoor het hy dit nodig gevind om met 'n vervalste paspoort op al hierdie besoeke Suid- (10 Afrika toe te kom tot en met hierdie onwettige besoek van hom wat tot sy arrestasie op 17 Junie gelei het. Dit kan nie na my mening dan uit verband gesien word met die gebeure van die 16de Junie by die Regina Mundi Kerk nie.- Daar kan, na my mening, geen ander afleiding as 'n redelike afleiding bestaan, gesien in die lig van die beginsels uiteengesit in die nog steeds toonaangewende beslissing van R vs Blom 1939 AD, as ek reg onthou is die verwysing bladsy 183, met betrekking tot die wyse waarop afleidings van omstandigheidsgetuienis gemaak moet word en die ver- (20 eistes waaraan dit moet voldoen nie. Dat Beskuldigde Nr. 2 op die 17de Junie 1981 besoek afgelê het om hierdie revolusionêre oogmerke met geweld as hoofelement van daardie revolusie te bevorder nie. Daar is natuurlik ander moontlikhede as daaroor gegis wil word. Dit is nie die vraag, en ek wil beklemtoon, die vraag by hierdie, soos in ander strafverhore is nie of daar ander moontlikhede bestaan nie. Die vraag is eerstens, is hierdie afleiding wat die Staat wil hê ek moet maak, en waarmee ek nou besig is, bestaanbaar met die bewese feite. Tweedens, is daardie afleiding (30

die enigste een wat rederlikerwyse gemaak kan word. Met ander woorde, anders gestel, is al die ander afleidings wat moontlik gemaak kan word nie redelik moontlik korrek nie en as 'n mens hierdie toetse van die Blom-beslissing dan toepas by hierdie aangeleentheid dan kan 'n mens ander moontlikhede versin, mens kan gis oor ander moontlikhede, dit is so en ek gaan seer sekerlik my nie nou ophou en bemoei met daardie moontlikhede nie. Ek gaan volstaan slegs by die stelling en aanmerking dat al daardie moontlikhede wat kan bestaan, is geeneen redelik nie. Die enigste redelike afleiding wat gemaak kan word in al hierdie omstandighede, as 'n mens die verhouding van Beskuldigde Nr. 1 met Beskuldigde Nr. 2 in oënskou neem; as 'n mens die besoeke van Beskuldigde Nr. 1 na Botswana in ag neem. Ek sal later hierdie aspek meer volledig behandel as ek haar spesifieke aandeel in die aangeleentheid behandel. As 'n mens Freedom se onbetwisbare aandeel in hierdie aangeleentheid behandel; as aanvaar word dat Lucky Mshlanga se getuienis korrek aanvaar is; as die getuienis van Tselo Stanley Mamabolo en Ouma aanvaar word dat daar op daardie geleenthede werwingsdade gepleeg was vir militêre opleiding deur SAYRCO, buitelands, uit Suid-Afrika uit, dat Beskuldigde Nr. 2 se besoek van 17.6.81 hiermee verband gehou het want hierdie aangeleenthede wat ek genoem het, is 'n logiese opeenloping van die een na die ander. Ek wil dit dan verder beklemtoon dat al sou 'n mens by hierdie ondersoek na hierdie vraagstuk die getuienis van Ouma verwerp en die getuienis van Tselo Stanley Mamabolo verwerp dan sit 'n mens nog steeds met die getuienis van wat daar by die Regina Mundi Kerk op 16.6.81

tussen/....

tussen Lucky Mshlanga en Beskuldigde Nr. 1 plaasgevind en daardie getuienis wil ek dit beklemtoon, kan na my mening, onder geen omstandighede verwerp word nie. Die enigste gevolgtrekking waartoe, na my mening, geraak kan word, op daardie getuienis is dat Lucky se getuienis aanvaar moet word. Ek het die aspek reeds volledig behandel en noem dit net volledigheidshalwe by die verdere beoordeling van hierdie aangeleentheid.

As 'n mens dit dan alles aanvaar; as 'n mens dit sien in die lig van die aard van die soort byeenkoms waar-(10 oor die 16de Junie 1976 herdenk word op elke jaar 16 Junie by die Regina Mundi kerk, dan kan daar geen gevolgtrekking wees anders as die een wat ek nou gepostuleer het nie.

Dit bring ons noodwendig dan by die verdere gevolgtrekking dat in sy hoedanigheid as president van die organisasie SAYRCO met hierdie betrokke oogmerke wat ek uiteengesit het, Beskuldigde Nr. 2 hom vereenselwig het met die dade verrig deur medewerkers, lede en andere ter bevordering van hierdie oogmerke van SAYRCO. Ek sal die aspek later volledig behandel. Op hierdie stadium is (20 dit voldoende om dit te konstateer.

Ek wil op die stadium dan oorgaan tot die behandeling van Beskuldigde Nr. 1 se posisie met betrekking tot hierdie aangeleenthede. Dit is nie nodig dat ek weer die geloofwaardigheidsaspek behandel nie. Dit hou nou verband met die feitebevindings in hierdie geval en ek wil dit dan slegs pertinent beklemtoon dat die feitebevindings en die rede vir daardie bevindings steeds in ag geneem moet word by die verdere aspekte wat ek nou gaan behandel.

Om-saam te vat uit wat ek reeds gesê het met (30

betrekking tot Beskuldigde Nr. 1, is die posisie so dat ek bevind op die getuienis voor my, by wyse weereens hoofsaaklik van afleiding weereens gebaseer op die beginsels soos ek dit behandel het en uiteen gesit is in die nog steeds toonaangewende beslissing van Blom dat daar nie twyfel daaromtrent kan bestaan nie, dat dit inderdaad die enigste afleiding is wat as 'n redelike afleiding gemaak kan word, dat sy te alle tersaaklike tye, minstens 'n wetende ondersteuner van die SAYRCO organisasie was.

Die Staat het gepoog om te bewys dat sy die sekretaresse van SAYRCO was. Die Staat het nie in daardie poging geslaag nie. Die Staat het hierdie poging aangewend deur middel van Catherine Lipalasa. Ek het daardie getuienis reeds verwerp en die redes daarvoor aangevoer.

Die verdere getuienis dui na my mening egter onteenseglik daarop dat sy te alle tersaaklike tye bewus was van die organisasie SAYRCO; dat sy te alle tersaaklike tye op hoogte was van die oogmerke en doelstellings van SAYRCO. As 'n mens die beginselbenadering soos in Blom se saak uiteen gesit toepas by hierdie aangeleentheid dan kan 'n mens daardie aspekte wat ek reeds volledig behandel het met betrekking tot Nr. 1 se bedrywighede op die 16de Junie 1981 by die Regina Mundi Kerk met betrekking tot Lucky Mshlanga se werwing vir militêre opleiding; die daaropvolgende kontak deur haar met Freedom op 17 Junie; haar besoek aan Sisholu(?) haar daaropvolgende besoek aan hom, die reëlings wat sy getref het, dit is nie nodig dat ek al hierdie aangeleenthede weer uiteensit nie. Dan is dit heeltemal duidelik dat sy hierdie werwing gedoen het en hierdie reëlings getref het, wetende dat sy dit vir SAYRCO

doen/...

doen, wetende wat die oogmerke van SAYRCO is en dat sy op haar beurt haar weereens daarmee vereenselwig het.

Die eindresultaat is dus dat tot op hierdie punt is sy en Beskuldigde Nr. 2 dan in feitlik dieselfde posisie. Die enigste verskil is dat hy nie self, behalwe by die gebeure op die 17de Junie, soos ek reeds uiteen gesit het, fisies betrokke was nie en natuurlik by die stigting van die organisasie SAYRCO fisies teenwoordig gewees het nie, maar behalwe met daardie uitsonderings en dit is nie nodig dat ek al daardie aangeleenthede volledig uiteensit nie, (10 is hy en Beskuldigde Nr. 1 in dieselfde bootjie, in presies dieselfde posisie, vís a vís SAYRCO.

Ek wil beklemtoon, ek het dit reeds genoem, ek het dit nie uit die oog verloor nie, dit is nie bewese dat Nr. 1 'n ampsdraer van SAYRCO was nie. Dit is hoogstens bewys in die getuienis dat sy 'n bewuste medewerker was en ek het reeds verduidelik wat ek bedoel met bewuste medewerker en dit is nie nodig dat ek weereens op die aangeleentheid ingaan nie. Ek herhaal dit net sodat daar enige onduidelikheid met betrekking tot wat ek in die opsig bedoel (20 kan bestaan nie.

Dit is op die stadium dan gerieflik om oor te gaan tot 'n beskouing van, in die lig van wat ek gesê het, die Staat bewys het met betrekking tot die bewerings wat in die twee aanklagte gemaak word.

Met betrekking tot die aanhef tot die aanklagte, dit is Aanklagte 1 en 2, bewys die getuienis volledig en dit kan nie betwis word nie, dat die Soweto Students Representative Council (SSRC) gedurende 1977 tot 'n onwettige organisasie verklaar is. Dit is bewys dat Beskuldigde 2 (30

'n/....

'n leier van daardie organisasie die SSRC was. Beskuldigde Nr. 1 se eie getuienis bewys dat sy ook 'n bewuste medewerker van die SSRC was. Sy het wel gesê dat sy nooit aktief toegetree het tot die amptelike geledere van die organisasie nie maar sy het namens hierdie organisasie werk gedoen wetende wat dit alles behels. Sy is dus in die feitelike posisie wat die Staat beweer in daardie bewering.

Die dokumente wat ek reeds behandel het, bewys dat daardie uitgeweke lede van die SSRC en andere, insluitende Beskuldigde Nr. 2, SAYRCO buite die Republiek gestig het te wete in Nairobi in April 1979. Wat ek reeds gesê het, sal duidelik getoon het dat SAYRCO ten doel het om die dinge uiteengesit op bladsy 2 in I, II, III en IV te vermag. Dit is om te poog om die wettige gesag in die Republiek omver te werp deur middel van geweld; om persone te kry om by SAYRCO aan te sluit en militêre opleiding te ontvang, om kontak te maak met organisasies in die Republiek en deur middel van die organisasies die doelstellings van SAYRCO te bevorder. Onthou sal word in die verband dat die dokumente na wat verwys is, onder andere hulde bring aan hierdie organisasies waarna verwys word in bewering 3 in die klagstaat maar die beperkinge van daardie organisasies uitwys en sê dat SAYRCO met hulle sal kontak maak om doeltreffender en op 'n uitgebreide wyse hierdie doelstellings te bevorder, en om swartmense in die Republiek in opstand te laat kom teen die wettige gesag in die Republiek.

Dan gaan die bewerings verder:

"NADEMAAL Beskuldigde Nr. 2 die President van SAYRCO is", en dit is onteenseglik bewys.

"NADEMAAL Beskuldigde 1 op 'n onbekende datum by SAYRCO aangesluit het en haar met die doelstellings vereenselwig het." Die getuienis bewys nie dat sy inderdaad amptelik 'n lid van SAYRCO geword het nie maar soos ek die posisie sien is dit nie nodig dat die getuienis dit as sulks letterlik bewys nie. Die getuienis bewys, en ek het dit reeds volledig genoeg behandel, is dat sy 'n bewuste, wetende medewerker van SAYRCO was en by organisasies soos hierdie glo ek nie is dit nodig dat 'n mens op die amptelike lederegister daarvan sal verskyn nie. Dit is nie nodig dat 'n mens getuienis sou hê van 'n ampsdraer van SAYRCO dat 'n persoon lid is daarvan nie. Dit is voldoende om die afleiding te maak vir die doeleindes hiervan dat iemand lid is, as die getuienis bewys soos ek reeds bevind het, dat 'n persoon 'n bewuste, wetende medewerker was en dit vir redes wat ek reeds aangevoer het, bewys die getuienis met betrekking tot Beskuldigde Nr, 1 dan onteenseglik.

Die klagstaat gaan dan verder en beweer op aanklag 1: "DEURDAT die beskuldigdes gedurende of omtrent die tydperk 1977 tot 17 Junie 1981 en in die Republiek en elders, wederregtelik en met die opset om die handhawing van wet en orde in die Republiek of gedeelte daarvan in gevaar te stel (1) met mekaar en ander lede van SAYRCO saamgesweer het om by die pleging van die dade hieronder genoem, behulpsaam te wees of dit te bewerkstellig of te pleeg. (a) Om die doelstellings van SAYRCO te bevorder en te poog om daaraan uitvoering te gee."

Die dokumente met betrekking tot beskuldigde Nr. 2 wat ek reeds behandel het bewys dit bo twyfel. Met betrekking tot beskuldigde Nr. 1 is dit heeltemal duidelik uit

wat ek reeds gesê het dat haar werklike, fisiese dade inderdaad hierdie bewering bewys.

"(b) Om te poog om die wettige gesag in die Republiek omver te werp deur middel van geweld." Dieselfde geld hier met betrekking tot beide beskuldigdes. "(c) Om persone te verkry om by SAYRCO aan te sluit en/of die doelstellings van SATRCO te bevorder." Uit wat ek reeds gesê het is dit heeltemal duidelik dat die getuienis hierdie bewering ook bewys.

"(d) Om persone oor te haal om buite die Republiek militêre opleiding te ontvang." Ek wil weereens beklemtoon dat al sou 'n mens die getuienis van Tselo Stanley Mamabolo en Ouma verwerp, dan sit jy nog met die getuienis van Lucky Mshlanga wat onder geen omstandighede verwerp kan word nie. Ek is tevrede dat die getuienis van al drie daardie getuies as bo redelike twyfel in die opsigte wat ek behandel het aanvaar moet word as bo redelike twyfel korrek en waar. Ek is gevolglik tevrede dat die getuienis van daardie drie getuies hierdie bewering van die Staat in Aanklag 1 bewys.

(e) volg op (d) en as (e) bewys is, is dit na my mening in die lig van die dokumentêre getuienis wat ek reeds volledig genoeg behandel het, aksiomaties dat (e) ook bewys is. Ek behandel (e) gevolglik nie verder nie.

(f) volg na my mening nie op die getuienis nie. 'n Mens kan dit moontlik inlees by die dokumentasie wat ingehandig is, dit is na my mening egter argumenteerbaar en na my mening kan bewering (f) dan buite rekening gelaat word.

"(g) om kontak met organisasies in die Republiek te bewerkstellig en deur middel van die organisasies die doelstellings van SAYRCO te bevorder." Dit blyk duidelik

uit/....

uit die dokumentasie wat ek reeds behandel het dat SAYRCO hulle dit ten doel gestel het om met sulke organisasies kontak te maak om SAYRCO se doelstellings te bevorder. Ek het die aspek reeds by 'n ander aspek behandel maar die twee hang saam met mekaar en na my mening is dit ook bewys.

"(h) Om Suid-Afrikaanse paspoorte te bekom vir vervalsing en vir gebruik deur SAYRCO lede om die Republiek onwettig binne te kom." Ek het reeds die getuienis van daardie drie getuies, Floyd Tjezi, Edward Malinga en Brian Mtetwa baie volledig behandel. Ek gaan dit nie weer behandel nie. Ek wys slegs weereens daarop dat ek daardie getuienis aanvaar dat hulle op versoek van Nr. 1 die paspoorte bekom het.

Die vraag ontstaan dan, met watter oogmerk sou beskuldigde Nr. 1 paspoorte van hierdie mense wou bekom as daardie mense daardie paspoorte nie self gaan gebruik nie, as sy, soos die getuienis hierso wys, sy inderdaad self fisiese besit geneem het van daardie paspoorte. Ek dink dat weereens in die lig van die Blom beslissing, daar geen ander afleiding gemaak kan word in die lig van haar bedrywighede met betrekking tot die gebeure op die 16de Junie nie. Die gebeure op die 17de Junie en ook die gebeure met betrekking tot die getuienis van Tselo Stanley Mamabolo nie dat hier pogings was om mense te verkry om militêre opleiding te ondergaan in die buiteland en om hierdie en moontlik ander oogmerke en doelstellings van SAYRCO te bevorder, vals paspoorte besonder handig te pas sou kom. Die afleiding word verder gestaaf deur die feit dat Beskuldigde Nr. 2 self van 'n vals paspoort gebruik gemaak het. Nie net op die 17de Junie nie maar soos ek reeds daarop gewys het, op verskeie

ander/...

ander geleenthede ook.

Nou wil ek 'n aspek net volledigheidshalwe heeltemal duidelik stel. Ek is bewus deurgaans van die feit dat die getuienis van Tselo Stanley Mamabolo en Ouma nie beskuldigde Nr. 1 direk persoonlik inkrimineer nie, maar in die lig van wat ek reeds gesê het dat sy 'n bewuste, wetende medewerker van SAYRCO was, is op die grondslag wat ek reeds uiteen gesit het, enige iets wat gedoen word ter bevordering van hierdie oogmerke waarvan sy bewus is, haar goedkeuring wegdra en is dit dan projekteerbaar op haar. Hierdie aangeleentheid volg 'n patroon soos ek reeds uiteen gesit het. Dit kan nie uit die oog verloor word nie, dit is 'n aaneenlopende aangeleentheid en die feit dat ander mense soos Freedom, Sipho en Joe by Stanley en Ouma op daardie geleentheid en geleenthede bedrywig was, bevestig bloot net hierdie aaneenlopende bedrywighede van die organisasie SAYRCO, en as, soos ek bevind het, Beskuldigde Nr. 1 bewustelik meegedoen het aan hierdie bedrywighede dan is hierdie aangeleenthede ook op haar van toepassing en dra dit by tot die bewys van die omvang van die aangeleentheid.

"(i) Om verblyf en ander hulp in die Republiek te reël vir SAYRCO lede wat die Republiek binnekom." Die besoek van die 17de Junie is vanselfsprekend van toepassing hierop en dit verg dan geen verdere kommentaar nie.

Bladsy 4, item 2 gaan dan voort: "Die dade hieronder gepleeg en/of ander persone uitgelok, aangestig, beveel, hulp verleen, aangeraai, aangemoedig of verkry het om die genoemde dade te pleeg. (a) Beskuldigde 2 het deel geneem aan die stigting van SAYRCO en was te alle saaklike tye die president daarvan." Dit is voor die handliggend weereens

761

en ek hoef nie verder daarop aan te gaan nie.

"(b) Op openbare vergadering gehou te Regina Mundi Kerk in Soweto op 16 Junie 1981 is SAYRCO pamflette uitgedeel aan die aanwesiges waarin opstand teen die wettige gesag in die Republiek aangemoedig word."

Ek het reeds verwys na wat ek meen 'n mistasting deur mnr. Swanepoel is met betrekking tot Bewysstuk "N" en wat die Staat derhalwe bewys het met betrekking tot hierdie betrokke bewering. Bewysstuk "N" is van baie groot belang hierso. As wat ek reeds gesê het met betrekking tot die revolusionêre oogmerke, by wyse van gewelddadige optrede van SAYRCO in ag geneem word, dan kan Bewysstuk "N" geensins anders vertolk word as 'n oproep op die aanwesiges om in opstand te kom teen die wettige gesag van die Republiek nie. Paragraaf 3 hiervan is veral van groot belang. Ek wil weereens beklemtoon dat ek dit nie buite verband ruk nie, ek lees dit saam met die hele dokument maar gerieflikheidshalwe lees ek slegs paragraaf 3:

> "It is time that our enemy gets to know that we are now in the stage of confrontation, we can never negotiate principles. We grew up in an atmosphere of shot and fire."

Ek het dele uit paragraaf 3 uitgelaat maar dit is voldoende om te illustreer wat ek bedoel.

"(c) Gedurende Junie 1981 het Beskuldigde 1, twee SAYRCO lede vanaf Botswana in kontak gebring Mtabo Ndabeni(?) die nasionale organiseerder van die Azanian Peoples Organisation (hierna Azapo genoem)." Sover my geheue strek het die Staat nie getuienis tot die effek aangebied nie en derhalwe het die Staat bewering (c) nie bewys nie.

Dieselfde/...

Dieselfde geld met betrekking tot die bewering in paragraaf 3 in verband met Azanyu.

"(e) Beskuldigde 1 het op 17 Junie 1981 vir Tame Mazoehy(?) die sekretaris van die Media Workers' Association of South Africa in Soweto in kontak gebring met Beskuldigde Nr. 2 en 'n ander lid van SAYRCO." Dit is na my mening bewese om die redes wat ek reeds aangehaal het. Na my mening bewys die getuienis dat Beskuldigde 1 weereens wetende, op hoogte met die feitelike posisie, beskuldigde 2 in verbinding gebring het met Tame Mazoehy van Mwasa en ek wil dit beklemtoon, die getuienis bewys onteenseglik in die lig van Kaptein Claasen se getuienis met betrekking tot Bewysstukke "A", "B" en "C" wat ek reeds volledig behandel het dat daardie in kontak bring by Beskuldigde 1 se huis van Tame Mazoehy en Beskuldigde Nr. 2 geensins was ter bevordering van enige iets wat te doen het met die skryfkuns of die joernalistiek nie. Dit het onteenseglik te doen met die bereiking van die doelstellings en oogmerke van SAYRCO. Die afleiding as 'n moontlike, wat redelik kan wees, dat daardie kontak tussen Mazoehy en Nr. 2 was ter bevordering van enige iets wat by die wydste as letterkundig beskou kan word is vergesog en kan na my mening net nie water hou nie.

"(f) Beskuldigde Nr. 1 het gedurende 1981 te Soweto vir Floyd Jabulani Tjezi, Brian Mtetwa en Edward Malinga versoek om aansoek te doen vir paspoorte en dit daarna self in ontvangs geneem vir gebruik deur SAYRCO." Die aspek hang saam met 'n item wat ek reeds behandel het en na mening om dieselfde redes is dit bewese.

"(G) Beskuldigde Nr. 1 het by verskeie geleenthede gedurende 1981 te Soweto verblyf gereël en ander reëlings getref vir SAYRCO lede wat die Republiek binne gekom het."

Hierdie/...

Hierdie item is na my mening nie deur die getuienis gestaaf nie behalwe in die reeds genoemde item met betrekking tot die verblyf van Beskuldigde Nr. 2 en die ander SAYRCO lid Charlie wat reeds as 'n bewering in hierdie feitelike uiteensetting genoem is en ek reeds behandel het. Daar is na my mening, in die lig van die getuienis wat voor my gelê is, 'n oorvleueling en na my mening regverdigheidshalwe dan kan daar nie 'n duplikasie met betrekking tot hierdie aspek plaasvind nie.

Opsommend dan en samevattend na aanleiding van wat ek tot dusver gesê het, in die lig van die beslissings waarna ek vroeër verwys het, en hoofsaaklik daardie beslissings wat betrekking het op die vraagstuk van sameswering is dit my mening dat die posisie só is: (10

As iemand soos Beskuldigde Nr. 2 'n stigterslid is van 'n organisasie soos SAYRCO teenwoordig is by die aanvaarding van die konstitusie van daardie organisasie, president word van daardie organisasie, daardie amp beklee deurentyd tot en met sy arrestasie op aanklagte voortspruitende uit sy bedrywighede en die bedrywighede van daardie organisasie, dan as 'n mens verder in ag neem en dit wil ek beklemtoon, die feit dat as 'n mens 'n organisasie stig soos SAURCO en ek gaan nie weer die aard en doelstellings en oogmerke van die organisasie behandel nie, dit moet net aanvaar word dat daardie aangeleenthede wat ek reeds volledig behandel het hier ook in ag geneem moet word, dan het jy te doen met 'n revolusionêre organisasie en revolusionêre organisasies het nog te alle tye, te alle plekke die een enkel gemeenskaplike eienskap gehad dat hulle geweld as hoofmiddel aangewend het en beoog het om aan te wend. Ek is in (20 (30

betoog deur beskuldigde Nr. 2 se senior advokaat, Adv. Coaker die Oxford Dictionary se omskrywing van die woord "revolution" op hierdie aangeleentheid gelees en dit het heeltemal duidelik totale verband met wat ek sê. Dit is soos die woord omskryf word in die woordeboeke vir sover dit die betrokke aspekte betref, maar mense wat hierdie soort van organisasies stig en daarvan lede word, gaan nie woordeboeke raadpleeg om die betekenisse van daardie soort organisasie te bepaal nie. As hulle revolusionêre organisasies stig dan weet hulle wat hulle stig. Hulle weet dat dit in kort 'n revolusionêre organisasie is. 'n Organisasie wat hom hoofsaaklik ten doel het om geweld te pleeg ter bereiking van wat ookal sy oogmerke mag wees. Gewoonlik die omverwerping van die bestaande regering van 'n land. Die geval in hierdie saak ook en so 'n persoon soos Beskuldigde Nr. 2 duidelik bewese is, te gewees het in hierdie organisasie besef dan, en na my mening, enige argument of betoog tot die teenoorgestelde kan net nie opgaan nie. Dat daar deur die ander lede wat van tyd tot tyd tot die organisasie gewerf kan word, allerhande middele en dade gaan verrig en pleeg ter bereiking van die bevordering van die oogmerke van daardie organisasie.

By 'n revolusionêre organisasie, dink ek, is dit voor die handliggend as dit so 'n wye veld gaan dek soos SAYRCO onteenseglik beoog het om te dek, dat dit onmoontlik sou wees vir enige ampsdraer of enige ampsdraers van daardie organisasie om 'n ieder en elke lid van daardie organisasie se bedrywighede en dade en wyse waarop daardie bedrywighede en dade uitgevoer sou word tot in die fynste besonderhede te beheer, te beperk, uit te brei of onder toesig te hou.

Dit is voor die handliggend, dit is na my mening klinkklaar duidelik dat dit so sou wees. Maar dit is 'n risiko wat iemand in daardie posisie noodwendig aanvaar. As 'n mens president word van 'n organisasie wat hom ten doel stel om die wettige gesag, die daargestelde gesag in enige land, en in hierdie geval in besonder dan die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, omver te werp deur middel van geweldpleging en alles wat daarmee saamgaan, dan aanvaar jy onteenseglik ook dat daar op allerhande onomskrewe en onomskryfbare wyses dade gepleeg en verrig gaan word ter bevordering van daardie oogmerke en doelstellings en aanvaar jy dit. Dit is na my mening die posisie waarin beskuldigde Nr. 2 hom hoofsaaklik bevind.

Beskuldigde Nr. 1 se posisie is dan, soos ek reeds aangedui het en dit is belangrike om weereens daarop te let, 'n bewuste, ingeligte, wetende medewerker, ondersteuner lid - 'n mens kan die beskrywing gebruik wat jy verkies - was van SAYRCO. Dat sy te Regina Mundi op die 16de Junie hierdie dade verrig het wat ek reeds genoem het, hierdie dade van die 17de Junie verrig en uitgevoer het wat ek reeds genoem het en dit is heeltemal duidelik dat in hierdie opsig sy haar ook vereenselwig het met die doelstellings en oogmerke van SAYRCO soos ek dit behandel het. Dit is dan heeltemal duidelik dat tot daardie mate, die mate wat ek alreeds uiteen gesit het by die behandeling van die spesifieke feitelike bewerings op aanklag 1, hulle skuldig is aan daardie dade wat ek behandel en bevind het teen hulle in Aanklag 1 en op Aanklag 1 word hulle tot daardie mate dan beide SKULDIG bevind.

Vir sover dit Aanklag 2 betref, het ek met groot

belangstelling/....

belangstelling na die betoë wat gerig was en ek moet mnr. Swanepoel wat namens die Staat opgetree het, gelyk gee dat hy korrek is in sy benadering tot die vraagstuk in Aanklag 2. Dit is heeltemal duidelik dat as 'n mens kom by hierdie soort van probleem ons te doen het met moontlik een van daardie probleme in die Strafreg waar dit die minste moontlik is om enige stel reëls neer te lê wat as aanduiding in alle sake gevolg kan word. Ek is verwys in besonder na die beslissing S vs Christie 1982(1) SA 464 (AD). Ek het daardie beslissing noukeurig nageslaan en by die toepassing (10 van die beginsels wat die Appêlhof daar uiteen gesit het, is ek van oordeel dat mnr. Swanepoel korrek in sy betoog is as hy aanvoer dat ons hier nie met 'n verdeling van klagtes of 'n duplikasie van skuldigbevindings soos dit ook bekend is, te doen het nie maar dat ons inderdaad hier met twee skeibare feitelike posisies te doen het waar daar wel noodwendig 'n mate van oorvleueling bestaan.

Die bewering in Aanklag 1 is nie dat daardie mense inderdaad gewerf was nie. Die bewering is dat hulle saamgesweer het om sulke werwing te doen vir militêre oplei- (20 ding in die buiteland soos ek dit reeds behandel het. Die sameswering om hierdie militêre opleiding, om mense te kry om hierdie militêre opleiding te ondergaan dit is 'n substantiewe oortreding op sigself van die bepalings van Art. 21(a) van die Wet op Terrorisme. Die beslissings waarna ek verwys het maak dit duidelik dat daar in die gemenereg in Suid-Afrika nie 'n substantiewe misdaad van sameswering bestaan nie om 'n misdaad te pleeg nie maar dat die wetgewer op verskeie terreine daarna ingegryp het waarvan die Wet op Terrorisme een van die paar voorbeelde is. Dit is nie (30

